

Taalbeleid van die NWU

Verwysingsnommer	2P_2.5
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Beleideienaar	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Verantwoordelike afdeling	Adjunk-visekanselier: Onderrig en Leer
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	23 Junie 2022
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	2025

TAALBELEID VAN DIE NWU

Aanhef

Teen die agtergrond van die droom om 'n internasionaal erkende universiteit in Afrika te wees, wat bekend is vir sy wetenskapsbeoefening, maatskaplike responsiwiteit en 'n sorgsaamheidsetiek, het die Raad van die Noordwes-Universiteit (NWU) hierdie taalbeleid op 23 Junie 2022 aanvaar om 'n regverdige en funksioneel meertalige universiteitstaalomgewing na te streef en daar te stel.

1 Vertolking en Toepassing

Hierdie beleid moet vertolk en toegepas word op 'n wyse wat strook met die –

- 1.1 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996;
- 1.2 Wet op Hoër Onderwys, 101 van 1997;
- 1.3 Statuut van die Noordwes-Universiteit (“die Statuut”);
- 1.4 Witskrif vir Naskoolse Onderwys en Opleiding (2013);
- 1.5 Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstansies (2020);
- 1.6 Nasionale Kurrikulumverklaring: Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring Graad R–12 (2010);
- 1.7 Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 59 van 1995;
- 1.8 Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP); en
- 1.9 Relevante beleide en reëls soos verskaf deur die Universiteit se Raad.

2 Begripsomskrywings

In hierdie beleid en verwante dokumente –

verwys “**vlagskipprogram**” na 'n geïdentifiseerde akademiese program van die Universiteit waarin die ontwikkeling en implementering van 'n Afrikataal as taal van onderrig en leer toegewys is;

is 'n “**frontliniepersoneellid**” 'n personeellid wat, as deel van sy/haar dag-tot-dag-werk by die Universiteit, interaksie het met studente, voornemende studente en die publiek;

beteken “**funksionele meertaligheid**” dat die keuse van 'n spesifieke taal in 'n spesifieke situasie bepaal word deur die situasie of konteks waar dit gebruik word;

verwys “**intellektualisering van Afrikatale**” na 'n taalbeplanningsprogram waar die Universiteit se Afrikatale van keuse ontwikkel en geïmplementeer word as tale vir administratiewe, onderrig- en navorsingsdoeleindes, maar veral na maatreëls wat ontwerp is om die wetenskaplike gebruik van die tale op so 'n wyse te verseker dat dit die akademiese selfrespek en waardes bevorder, ongeag taalvoorkeure;

verwys “**meertaligheid**” na die gebruik van twee of (verkieslik) meer tale, oftewel “samelewingsmeertaligheid”, en die vermoë om twee of meer tale te gebruik, oftewel “individuele meertaligheid”;

verwys “**tale van keuse**” na die vier tale wat deur die Universiteit geïdentifiseer is om verwerf, geleer en ontwikkel te word;

beteken “**transtaling**” dat verskeie tale in die onderrig-leer-situasie gebruik word om sleutelkonsepte te verken met die oog daarop om dit vir die studente duidelik en verstaanbaar te maak in hul eie tale, en om nuwe insigte te verkry wat voortspruit uit die vertolking van die konsep in die Universiteit se tale van keuse.

3 Doel

Die doel van hierdie beleid is om voorsiening te maak vir 'n groter mate van meertaligheid aan die NWU deur te poog om die ontwikkeling van die Universiteit se tale van keuse te verseker op 'n wyse wat funksioneel meertalig en inklusief is.

4 Omvang van Toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op die funksies en aktiwiteite van die Universiteit, op die programme wat deur die Universiteit aangebied word wat verband hou met onderrig-leer, navorsing en innovasie, studentelewe, korporatiewe verhoudings en bemarking, studente- en personeeladministrasie, en verwante prosesse en stelsels.

5 Beleidsverklaring

Dit is die beleid van die NWU om –

- 5.1 'n konsekwente en konstruktiewe raamwerk te verskaf vir die implementering van 'n taalbeleid en taalplanne ter voldoening aan paragraaf 7(6) van die Statuut;
- 5.2 taalplanne te implementeer wat gevolg gee aan hierdie beleid om uitdrukking te gee aan die verbintenis tot die implementering van die grondwetlike bepalings met betrekking tot meertaligheid in Suid-Afrika;
- 5.3 binne die parameters van die beginsel van funksionele meertaligheid, Engels, Setswana, Sesotho en Afrikaans as die NWU se tale van keuse te gebruik;
- 5.4 sonder inkorting van die gebruik van Engels en Afrikaans, Setswana en Sesotho as tale van kommunikasie, interaksie en onderrig en leer te ontwikkel, met dien verstande dat:
 - 5.4.1 as deel van die ontwikkeling van Setswana en Sesotho, die NWU streeks-, nasionale en (waar dit moontlik is) internasionale vennootskappe en samewerkende taalontwikkelingsprogramme met ander universiteit en taalliggame moet ontwikkel; en
 - 5.4.2 sodanige vennootskappe daarop toegespits sal wees om te help met die deel van inligting en data m.b.t. taal- en terminologie-ontwikkeling vir verskeie dissiplines tussen sodanige instansies en liggame, en
- 5.5 die intellektualisering van Afrikatale te beskou as 'n ontwikkelingskonsep waaraan gevolg gegee moet word op 'n georganiseerde en organiese wyse.

6 Beleidsdoelstellings

Die doel van hierdie beleid is om 'n raamwerk te verskaf vir die ontwikkeling en implementering van taalplanne, verder geartikuleer in paragraaf 7, wat 'n taalbestuursomgewing teweegbring waarbinne –

- 6.1 die taalrealiteite op die verskillende kampusse voortdurend in ag geneem word vir doeleindes van praktiese implementering;
- 6.2 sensitiwiteit getoon word vir die taalvoorkeure, -behoefte en -verwagtinge van individue en groepe wat 'n belang by die instansie het;
- 6.3 die taalplanne en -riglyne belybly met die eise van die makro-omgewing waarbinne die Universiteit funksioneer; en
- 6.4 die streekstale wat op die NWU-kampusse gebesig word (Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho) as nasionale bates beskou word, en waar implementeerbare en meetbare bydraes gemaak word tot die gebruik van hierdie tale as tale van hoër onderwys, administrasie en studentebetrokkenheid.

7 Taalplanne

- 7.1 Elke fakulteit en ondersteuningsdepartement van die Universiteit moet 'n taalplan ontwikkel en implementeer – wat goedgekeur moet word deur die Senaat in oorleg met die Universiteitsbestuurskomitee (UBK).
- 7.2 Die UBK is verantwoordelik vir die toesig oor die bestuur en implementering van die taalplanne van fakulteite en ondersteuningsdepartemente.
- 7.3 Fakulteite en ondersteuningsdepartemente is verantwoordelik vir die operasionalisering van en verslagdoening oor hul planne aan die Senaat en die UBK.

- 7.4 Die taalplanne moet strook met hierdie beleid en moet verdere rigyne verskaf vir hul implementering, monitering en verslagdoening deur die Fakulteit en ondersteuningsdepartement.
- 7.5 Die Visekanselier moet jaarliks 'n vorderingsverslag oor die implementering van hierdie beleid aan die Raad voorlê.
- 7.6 Die taalplanne en -riglyne moet ten minste elke 3 jaar hersien word.

8 Rolle en Verantwoordelikhede

- 8.1 Die Senaat is getaak met die goedkeuring van taalplanne, soos ontwikkel deur fakulteite en ondersteuningsdepartemente.
- 8.2 Die UBK moet voldoende hulpbrontoewysing verseker vir die ontwikkeling, implementering en monitering van hierdie beleid en die taalplanne wat daaruit voortspruit.
- 8.3 Die Senaatskomitee vir Taalbeplanning en Adviesdienste (SKTBAD) moet –
 - 8.3.1 aktiwiteite koördineer in die streeke na die intellektualisering van die Afrikatale van die streek in die domeine van onderrig en leer en navorsing, en moet Afrikatale in ondersteuningsdepartemente benut, en
 - 8.3.2 advies verskaf oor die ontwikkeling en implementering van beplanning wat verband hou met onderrig-leer en navorsing, asook ondersteuningsdepartemente, soos bedoel in paragraaf 7.
- 8.4 Fakulteite en ondersteuningsdepartemente is verantwoordelik vir die ontwikkeling, implementering en interne monitering van die taalplanne wat gevolg gee aan hierdie beleid.
- 8.5 Die Taaldirektoraat het die mandaat om die oorhoofse vordering gemaak met die implementering van die taalbeleid in die onderrig en leer, navorsing, studentelewe en administratiewe ruimtes aan die NWU te moniteer en te assesseer, en om toepaslike prosedures te ontwikkel om die toepaslike standaard vir die gehalte van taalgebruik aan die NWU te verseker.
- 8.6 Vlagskipprogramme en ander meertalige inisiatiewe van fakulteite, sowel as meertalige inisiatiewe geïmplementeer deur ondersteuningsdepartemente, word deur die betrokke Fakulteitsraad of ondersteuningsdepartement gemoniteer.

9 Taalbeleidsbeginsels vir Onderrig-Leer en Assessering

Na aanleiding van die beleidsverklaring soos uiteengesit in paragraaf 5 is die volgende stellings en beginsels van toepassing op onderrig-leer en assessering:

9.1 Taalbeleidsverklaring vir onderrig-leer en assessering

- 9.1.1 Meertaligheid en die ontwikkeling en gebruik van Afrikatale in hoër onderwys is bedoel om by te dra tot die waardes van die NWU rakende insluiting en die kwaliteit van programme wat aangebied word.
- 9.1.2 Die ontwikkeling van Setswana en Sesotho, veral met die oog op die bevordering van toegang en sukses deur die gebruik van hierdie tale, is bedoel om by te dra tot studente se akademiese sukses en ontwikkeling, en voeg op hierdie manier waarde toe tot graduandi-eienskappe, veral wat betref beroepsgeoriënteerde programme wat deur die NWU aangebied word.

9.2 Algemene beginsels vir onderrig-leer en assessering

Wat onderrig-leer en assessering betref, moet die implementering van hierdie beleid op die volgende beginsels gebaseer word:

- 9.2.1 Toegang en sukses van studente met betrekking tot onderrig-leer en assessering word verbeter en geoptimeer deur funksionele meertaligheid.
- 9.2.2 Praktiese meganismes wat die implementering van funksionele meertaligheid in die onderrig-leer-omgewing moontlik maak, moet op alle kampusse gevestig word.
- 9.2.3 Behalwe vir die feit dat alle betrokke studente se taalregte gerespekteer moet word, moet die Universiteit die burgers voorberei op 'n kontemporêre Suid-Afrika – met die oog op die instaatstelling van volle deelneming aan die Suid-Afrikaanse professionele en maatskaplike omgewings.
- 9.2.4 Die volgende parameters moet op 'n buigsame en akkommoderende wyse verreken word:
 - 9.2.4.1 die taalbehoefte binne elk van die fakulteite en die Besigheidskool oor die universiteitskampusse heen;

- 9.2.4.2 die verskillende markte wat gedien word deur die afleweringmodusse en onderrigprogramme;
- 9.2.4.3 die taalbehoefte en terminologie binne die relevante ondersteuningsdepartemente regoor die Universiteit; en
- 9.2.4.4 die beskikbare infrastruktuurkapasiteit, insluitende finansies en personeel.

9.3 Beginsels vir die voorsiening vir onderrigtaal

- 9.3.1 Waar dit 'n vereiste van 'n statutêre of professionele akkrediteringsliggaam is, kan 'n fakulteit 'n onderrigtaal in enige gegewe akademiese jaar, program of module aanwys en dit op alle kampusse van toepassing maak.
- 9.3.2 Waar meer as een onderrigtaal voorgeskryf word, of waar keuses tussen die vier universiteitstale bestaan, moet voldoening aan wetlike vereistes en die verbintenis tot historiese herstel deur regstelling van die taalwanbalanse van die verlede in gedagte gehou word.
- 9.3.3 'n Fakulteit kan, behoudens goedkeuring van die Senaat, 'n spesifieke onderrigtaal in geselekteerde modules voorskryf indien dit geregverdig is omdat dit nodig is vir die verwesenliking van die gestelde eienskappe van die graduandi van die betrokke fakulteit, en in sodanige gevalle kan dit op alle kampusse van toepassing wees.
- 9.3.4 Voorsiening vir die aanwys van 'n onderrigtaal kan gemaak word deur 'n fakulteit of die Besigheidskool (met inagnome van die eise van die vakgebied of mark waar die professionele persoon waarskynlik sal werk soek), met die vereiste dat 'n taal of tale op 'n bevoegde manier gebruik word. In hierdie gevalle kan differensiasie tussen kampusse moontlik wees aangesien sommige graadprogramme voorsiening maak vir verskillende taalspesifieke markte.

9.4 Beginsels vir die voorsiening van tolk- en vertaaldienste

Voorsiening vir vertaal- en tolkdienste kan gemaak word deur 'n fakulteit in samewerking met die SKTBAD en die Taaldirekoraat met die oog op die verwesenliking van meertaligheid in sy taalplan waar –

- 9.4.1 dit nodig is om die Universiteit se funksionele meertalige beleid te operasionaliseer;
- 9.4.2 dit die student in staat stel om sukses te behaal in die oorgang van die sekondêre na die tersiêre onderrigomgewing;
- 9.4.3 op grond van die behoefte aan belyning van programme tussen kampusse, parallelmedium nie raadsaam is nie weens diversiteit, of kapasiteit, of waar dit 'n impak het op belyning in dié mate dat kontak- en studie-ure verskil binne dieselfde program wat op al drie kampusse aangebied word, en waar
- 9.4.4 op grond van 'n behoefte aan insluiting, daar gronde bestaan om tolking te gebruik om toegang te kry tot meer as een taal in die onderrig-leer-omgewing, insluitende Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT), met voldoende voorafkennisgewing.

9.5 Beginsels vir die voorsiening van parallelmediumonderrig

- 9.5.1 Voorsiening vir parallelmediumonderrig kan gemaak word waar –
 - 9.5.1.1 klasgrootte die verdeling van klasse regverdig, en waar diversiteit op ander maniere gevier kan word;
 - 9.5.1.2 personeelvoorsiening dit toelaat en waar toegang tot 'n taal studentesukses sal ondersteun, en waar;
 - 9.5.1.3 voldoende klaskamerruimte beskikbaar is.
- 9.5.2 Waar voorsiening van parallelmediumonderrig gebruik word, moet spesifieke intervensies geïmplementeer word om integrasie van die studentebevolking te verseker wat klasse in parallelmediumkontekste bywoon.

9.6 Beginsels vir die voorsiening van transtaling in onderrig-leer

Voorsiening kan gemaak word vir transtaling waar –

- 9.6.1 personeel voldoende opleiding ontvang het in die beginsels van meertalige pedagogieë;
- 9.6.2 studente geïdentifiseer is, opgelei is deur personeel en bereid is om op te tree as fasiliteerders in die klas in nie-vlagskip-programme van die Universiteit;
- 9.6.3 voldoende meertalige studiegidse en -materiaal ontwikkel is in nie-vlagskipprogramme van die Universiteit om taalaanleer te ondersteun en uit te brei in die betrokke tale soos relevant gemaak in geselekteerde modules in die program; en
- 9.6.4 fasiliteerders in vlagskipprogramme van die Universiteit aangewys is en personeel sowel as fasiliteerders voldoende opleiding ontvang het.

9.7 Beginsels vir die voorsiening van vlagskip-Afrikataalprogramontwikkeling.

- 9.7.1 Voorsiening vir die aanwys van vlagskipprogramme per fakulteit kan gemaak word waar –
 - 9.7.1.1 dit blyk dat die vakgebied, mark en werkgewers waarde sal heg aan graduandi wat benewens óf Afrikaans óf Engels ook oor toereikende kommunikatiewe bevoegdheid in 'n Afrikataal beskik.
 - 9.7.1.2 oorlegpleging met die fakulteit of Besigheidskool plaasgevind het, en die fakulteitsraad se steun daarvoor verkry is; en
 - 9.7.1.3 voldoende beplanning gedoen is in oorleg met die Departement Finansies vir strategiese begrotingsvoorsiening.
- 9.7.2 Waar 'n fakulteit of die Besigheidskool vir redes wat goed gemotiveerd is en goedgekeur is deur die UBK nie 'n vlagskipprogram kan identifiseer nie, kan voorsiening gemaak word vir die identifisering van óf 'n addisionele taalstroom bestaande uit modules in volgorde van jaar 1-3 van die kurrikulum óf geselekteerde algemene modules waar Setswana of Sesotho geïdentifiseer word as tale wat binne die program gebruik en ontwikkel sal word.

10 Taalbeleidsbeginsels vir Administrasie, Werk en die Linguistiese Landskap

Die volgende beginsels is die grondslag vir hierdie beleid wat betrekking het op administrasie, werk en die linguistiese landskap.

10.1 Algemene Beginsels

- 10.1.1 Die funksioneel meertalige benadering dien as 'n rigtinggewende beginsel.
- 10.1.2 Die diverse linguistiese realiteite op die verskillende bedryfsvlakke van die Universiteit sowel as sensitiwiteit vir die taalvoorkeure van interne en eksterne belanghebbers is rigtinggewend vir die manier waarop die Universiteit se amptelike tale gebruik word as werkstale, tale van administrasie, interne en eksterne kommunikasie, en die linguistiese landskap.
- 10.1.3 Die bepaling van taalkeuse vir interne en eksterne kommunikasie moet die volgende faktore in ag neem:
 - 10.1.3.1 die situasie en konteks van kommunikasie;
 - 10.1.3.2 die doel en toekomstige roete van die kommunikasie; en
 - 10.1.3.3 die taalbehoefte en taalvaardigheidsvlakke van die gehoor.
- 10.1.4 Die implementering van funksionele meertaligheid vir werks-, administratiewe en linguistieselandskap-doeleindes vind plaas op 'n sistematiese en doelgerigte wyse.
- 10.1.5 Deur middel van 'n oorlegplegingsproses, en met inagneming van die taalrealiteite van die NWU, moet strategieë voortdurend bedink word en strukture in plek gestel word om funksionele meertaligheid so optimaal moontlik binne die werkplek te implementeer.
- 10.1.6 Eksterne en korporatiewe kommunikasie moet plaasvind in die NWU se tale van keuse, bepaal deur die doel van die kommunikatiewe gebeurtenis, taalbehoefte en taalvaardighede van die gehoor.

10.2 Beginsels vir die voorsiening van meertaligheid in formele kommunikasie, vergaderings en gebeurtenisse

- 10.2.1 Voorsiening vir vertaal- en tolkdienste vir gebeurtenisse en vergaderings kan gemaak word waar die sameroeper bepaal het dat sodanige behoefte bestaan, uit hoofde van die diversiteit van die gehoor, en dit betyds vóór die gebeurtenis of vergadering aan die Taaldirekoraat gekommunikeer het.
- 10.2.2 Goedkeuring vir die aanwys van 'n gemeenskaplike taal vir vergaderings van statutêre liggame van die Universiteit word verleen deur die UBK in ooreenstemming met hierdie beleid.
- 10.2.3 Voorsiening vir vertaling en tolking van interne en eksterne formele kommunikasie deur die Universiteit word gemaak deur die Taaldirekoraat ter ondersteuning van die NWU se tale van keuse en ook ter ondersteuning van Suid-Afrikaanse gebaretaal waar die behoefte bestaan.

11 Taalbeleidsbeginsels vir Navorsing en Ontwikkeling

Die volgende beginsels is die grondslag vir hierdie beleid wat betrekking het op die ontwikkeling van veeltaligheid in navorsing.

- 11.1 Navorsers moet aangemoedig word om hul navorsingsresultate te publiseer in tale wat toeganklik is vir hul eweknieë nasionaal sowel as internasionaal.
- 11.2 Die keuse van publikasietaal is die prerogatief van die navorser, maar navorsers moet aangemoedig word om veranderlikes soos die doel van die navorsingsverslag, die veronderstelde lesers en die teikengehoor in ag te neem.
- 11.3 In die soeke na kreatiewe oplossings in 'n nasionale bydrae tot die intellektualisering van Afrikatale moet daar voortdurend gestreef word om navorsingsuitsette in meer tale beskikbaar te stel.
- 11.4 Doktorale navorsingstitels en sleutelwoorde moet in drie van die NWU se tale van keuse voorsien word.

12 Taalbeleidsbeginsels vir Studentelewe

Die volgende beginsels is die grondslag vir hierdie beleid wat betrekking het op die ontwikkeling van meertaligheid in die studentelewe.

12.1 Algemene beginsels

- 12.1.1 Die linguistiese diversiteit van NWU-studente moet beskou word as 'n bate wat onontbeerlik is vir die totstandbrenging van 'n dinamiese studente-ervaring en 'n inklusiewe en diverse studentekultuur.
- 12.1.2 Die Universiteit moet optimale toegang van studente verseker tot volle deelname aan die studentelewe en die verwante ko-kurrikulêre programme, aktiwiteite en gebeure wat deur die NWU aangebied word.
- 12.1.3 Sensitiwiteit vir taalvoorkeure in vertikale en horisontale kommunikasie op alle kampusse moet bevorder word.
- 12.1.4 Daar moet geleenthede geskep word om studente op konstruktiewe maniere by te staan om hul professionele taalvaardighede te ontwikkel en te verbeter soos dit betrekking het op die studentebetrokkenheid en die ko-kurrikulêre program, en hulle sodoende in staat te stel om hul voornemende loopbane te betree.

12.2 Taalbeplanningsbeginsels

- 12.2.1 Voorsiening moet gemaak word vir die gebruik van die tale van die NWU in die studentelewe met die eksplisiete doel om die meertaligheid van die Universiteit te bevorder deur die gebruik van meertalige benaderings in vergaderings, gebeurtenisse en kommunikasie.
- 12.2.2 'n Gemeenskaplike kommunikasietaal kan binne spesifieke kontekste aangewys word, insluitende koshuise, studenteleierskapstrukture en gebeure, met dien verstande dat voorsiening vir die meertaligheid van die gehoor geantisipeer word – óf ten opsigte van die taalvermoëns van lede van die groep om mekaar te verstaan of te help verstaan, óf ten opsigte van ondersteuning wat gevra word van die Taaldirekoraat.

13 Beginsels wat deur bestuurders toegepas moet word vir frontliniëpersoneel vir Taalverwerwing, Taalbestuur en Gehalte van Taalgebruik

- 13.1 Strukture gemik op die verbetering van individuele meertalige vaardighede en pedagogiese transtalingsvermoëns moet regoor die NWU tot stand gebring en gehandhaaf word binne die

akademiese, administratiewe en studenteleweomgewings ter ondersteuning van die uitbou van meertalige bevoegdheids van personeel en studente.

- 13.2 In die lig van die belangrikheid van die gehalte van gesproke en skriftelike taalgebruik moet 'n stel praktiese riglyne opgestel word vir taalstandaarde in die Universiteit.
- 13.3 Personeel en studente moet aangemoedig word om hul meertalige vaardighede uit te brei om doeltreffend te kan funksioneer in verskillende kontekste.
- 13.4 Frontliniepersoneel by alle dienspunte moet funksioneel meertalig wees.
- 13.5 Daar moet bewusmakingsveldtogte wees, en werkswinkelgeleenthede en befondsing vir navorsingsprojekte wat ondersoek instel na die ontwikkeling van funksioneel meertalige en transtalingspedagogieë moet jaarliks beskikbaar gemaak word om akademiese personeel aan te moedig om hul onderrig- en leerbenaderings op te skerp vir 'n linguisties diverse studentebevolking.
- 13.6 Daar moet bewusmakingsveldtogte wees, en werkswinkelgeleenthede en befondsing vir projekte gemik op die ontwikkeling van funksionele meertaligheid moet beskikbaar gemaak word om ondersteuningspersoneel aan te moedig om hul meertalige benaderings en vermoëns op te skerp.
- 13.7 Taalversorgings- en vertaaldienste moet deur die Taaldirekoraat aangebied word en personeel moet aangemoedig word om van hierdie dienste gebruik te maak.

14 Taalombud

- 14.1 'n Universiteitstaalombud (UTO) moet tot stand gebring en in stand gehou word deur die UBK.
- 14.2 Die UTO moet die volgende funksies verrig:
 - 14.2.1 Dit moet dien as 'n toeganklike rapporteringspunt vir alle personeel en studente van die Universiteit vir taalnavrae, -klagte en -kwessies.
 - 14.2.2 Dit moet alle taalnavrae en -klagte ondersoek en aanbevelings maak aan die UBK vir die hantering van enige taalkwessies wat ontstaan.
 - 14.2.3 Dit moet die linguistiese belange van die universiteitsgemeenskap verteenwoordig deur die taalbeleid proaktief te bevorder.

Oorspronklike gegewens: (11664754) P:\Policies\2022\2P_2.5\Taalbeleid van die NWU.docm
28 Junie 2022

Verwysingsnommer: 2P_2.5